# Wes–Boland Eisteddfod

# TONEEL

## KODES

| | |
|---|---|
| Mimiek | DR1 |
| Revue | DR2 |
| Spreekkoor | DR3 |
| Gedramatiseerde Spreekkoor | DR4 |
| Kabaret | DR5 |
| Poppekas | DR6 |
| Monoloog | DR7 |
| Eenbedryf | DR8 |
| Groepprojek | DR9 |
| Dialoog | DR10 |

1. Skole word toegelaat om meer as een inskrywing per kategorie in te skryf.
2. Afrikaans of Engels mag as taalmedium gebruik word.
3. Beoordeling sal (indien nie anders aangedui nie) by elke kategorie in ouderdomsgroepe plaasvind, nl:
   Graad 1 - 3
   Graad 4 – 7
   Graad 8 – 12
   Ope
4. Die oudste deelnemer wat in 'n kategorie deelneem, bepaal of die inskrywing 'n Laerskool, Hoërskool of Ope-Afdeling is.

## KATEGORIE: MIMIEK

| |
|---|
| Graad 4 – 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

1. TYD: Maksimum **5 minute**
2. GETAL DEELNEMERS: Onbeperk
3. TEMA: Eie keuse
4. KLEREDRAG: Gemaklike, funksionele klere (skoolklere en kostuums uitgesluit)

## KATEGORIE: REVUE

| |
|---|
| Graad 4 – 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

1. TYD, GETAL DEELNEMERS, TEMA, DEKOR, BYKLANKE EN BELIGTING: Sien aanbevelings van Eenbedryf.
   RIGLYNE: Werk om 'n sentrale tema en bind die items mooi aanmekaar deur oorgange. Daar kan enige kunsvorm ingesluit word, bv. prosa, toneel, sang, dans, mimiek, orkes, koorsang en vertellings.
   Die moderne teater probeer om tragiek en komedie in een werk weer te gee. Begin dus die ritme vrolik en eindig vrolik. In die middel kan die revue na binne keer, sodat die skadukant ook weerspieël word.

| |
|---|
| Graad R |
| Graad 1 – 3 |
| Graad 4 – 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

## KATEGORIE: SPREEKKOOR

1. TYD: Maksimum **10 minute**
2. GETAL DEELNEMERS: Onbeperk
3. TEMA: Eie keuse (Die gedig moet pas by die ouderdom en ervaringsveld van die deelnemers.)
   STYL: Dit is koorspraak (dus 'n groep wat saam 'n gedig uitvoer), daarom mag die afrigter die koor dirigeer. Die afrigter hoef nie by die gekose gedig se woorde te bly nie. Toevoegings, herhalings van dele, asook klein veranderings aan die struktuur van die gedig om uitvoerbaarheid te verbeter, is toelaatbaar.
   STEMGEBRUIK: Dit is wat beoordeel word, nie aksies nie. Probeer invalle harmonieer en moenie dat een stem die groep oorheers nie. Hou spraak natuurlik – moenie oorartikuleer nie. Maak gebruik van wisseling in volume, pousering, beklemtoning, toonhoogte en tempo. Gesigspel en meelewing is belangrik. Poog om met gesigspel, klank en ritme soveel kleur as moontlik aan die koorspraak te verleen. Skep ook eie byklanke deur deelnemers.
   BEWEGING: Hou beweging natuurlik en eenvoudig. Gebruik slegs minimum bewegings, bv. knik van koppe, wiegbeweging van hele groep, 'n enkele handgebaar, ens.
   RANGSKIKKING: Interessante rangskikking van die deelnemers in die koor word aangemoedig. (Moet funksioneel wees.)
   DEKOR: Geen dekor, maar rosta sal toegelaat word. Reëlings daarvoor moet deur die afrigter getref word en leerlinge moet dit self hanteer.
   KLEREDRAG: Gemaklike, eenvormige, funksionele klere (skoolklere en kostuums uitgesluit) word aanbeveel. As jeans en tekkies toepaslik is, dra dit.

## KATEGORIE: GEDRAMATISEERDE SPREEKKOOR

| |
|---|
| Graad 1 – 3 |
| Graad 4 – 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

1. TYD: Maksimum **10 minute**.
2. GETAL DEELNEMERS: Onbeperk
3. TEMA: Eie keuse
4. STYL: Dit is geen toneel nie, maar wel 'n gedramatiseerde gedig. Toevoegings en veranderings aan die gedig is toelaatbaar.
5. STEMGEBRUIK: Sien aanbevelings van Spreekkoor.
   BEWEGING: Sinvolle bewegings deur een of meer persone word toegelaat. Daar mag ook van mimiek gebruik gemaak word.
7. DEKOR: Sien aanbeveling van spreekkoor.
8. KLEREDRAG: Kostuums wat die uitvoering verbeter sal toegelaat word.

## Lees asseblief die riglyne vir Spreekkore en Gedramatiseerde Spreekkore hieronder.

**'n Paar riglyne in verband met Spreekkore en Gedramatiseerde Spreekkore:**

KEUSE VAN GEDIG: Keuse en lengte van die gedig moet by die ouderdom en ervaringsveld van die deelnemers pas. Gebruik gedigte wat vir die koor 'n uitdaging is. Die deelnemers moet die gedig verstaan en die atmosfeer kan weergee.
Aangesien dit koorspraak is, m.a.w. 'n groep mense wat saam iets uitvoer, mag die afrigter die koor dirigeer. Toevoegings en herhalings van sekere dele van die teks is toelaatbaar.

AFRIGTING VAN 'N GEDIG:
Die basiese vereistes vir die vertolking van 'n gedig is by koorspraak en solospraak dieselfde. By koorspraak is daar net meer moontlikhede om in ag te neem.
Stemgroepering, kleredrag (indien gedramatiseerde spreekkoor) en die groepering van koorlede moet ook in gedagte gehou word. Bestudeer die teks. Lees en herlees die woorde van die gekose gedig. Maak seker jy begryp die strekking van die inhoud. Skep 'n geskikte atmosfeer. Let op na die frasing, pousering, klem, tempo, tempowisseling en artikulasie. Wees versigtig met te harde volume (nie skreeklank nie).

GROEPERING: Die hoofdoel van groepering moet wees om die stemme vir volume as eenheid saam te hou. Dit sal goed wees om die koor in twee stemgroepe te verdeel – seuns en dogters. Vir die ouer leerders, met meer gevormde en ryper stemme, kan daar meer effekte verkry word deur drie of meer groepe te kies met 'n ligte, medium en donker stemkleur. Al die koorlede moet altyd sigbaar wees en daarom is groepering op verskillende vlakke wenslik. Op gelykvloer kan koorlede staan, sit en lê.
Daar kan ook van koorbanke of rostrums met verskillende vlakke gebruik gemaak word, maar dit moet maklik deur deelnemers self hanteer kan word.

**Volgens die inhoud en betekenis van die woordkunswerk kan die opstelling (1) formeel of (2) informeel wees.**

| 1. Formele Spreekkoor | 2. Informele Spreekkoor<br>*(Gedramatiseerde Spreekkoor)* |
|---|---|
| **Formasie:**<br>Gebruik gewone formasies soos blok, driehoek, piramide, halfmaan, ens.<br><br>**Klank en Ritme:**<br>• Skep soveel variasie en uitdrukking as moontlik met **klank en ritme**.<br>• Gebruik **unieke klanke** wat deur die deelnemers gemaak word.<br>• **Geen musiekinstrumente of elektroniese toestelle** word toegelaat nie. | **Rangskikking:**<br>• **Informele opstelling** met **vryheid van beweging** vir die deelnemers.<br><br>**Aanbieding:**<br>• Die **hele koor** kan deelneem, OF<br>• 'n **Groep vertellers** kan die storie vertel terwyl die res van die koor aksies uitvoer.<br><br>**Formasies:**<br>• Meer buigsaamheid in **beweging en patrone, insluitend:**<br>**o Diagonale lyne**<br>**o Kreatiewe en vrye formasies**<br><br>**Rekwisiete en Toerusting:**<br>• Die gebruik van **trapleer, stoele, blokke, musiekinstrumente en ander** |

| | |
|---|---|
| | **rekwisiete** is toegelaat. |
| **Klerevoorskrif:**<br>Dra gemaklike, bypassende en praktiese klere wat maklike beweging toelaat en ’n eenvormige voorkoms skep. | **Klerevoorskrif:**<br>Eenvoudige kostuums en ondersteunende rekwisiete is toegelaat, maar nie verpligtend nie. |
| **Bewegingsriglyne:**<br>• Hou **alle bewegings natuurlik en eenvoudig.**<br>• Gebruik beperkte bewegings soos:<br>o **Kopbewegings**<br>**o Sagte liggaamswieging**<br>**o Een of twee eenvoudige gebare**<br><br>**Beoordelingskriteria:**<br>• **Stemgebruik, gesigsuitdrukkings en atmosfeer** sal beoordeel word.<br>• **Toneelspel, dekor en rekwisiete** word nie ingesluit nie. | **Beweging en Verhooggebruik:**<br>• Bewegings en verhooggebruik is **toegelaat, maar moet die inhoud van die gedig versterk** sonder om dit te oorweldig.<br>• Onthou, dit is **nie ’n toneelstuk nie, maar ’n gedramatiseerde gedig.**<br><br>**Beoordelingskriteria:**<br>• **Stemgebruik, gesigsuitdrukkings en atmosfeer** sal beoordeel word.<br>• **Toneelspel, dekor en rekwisiete word nie** in die evaluering ingesluit nie. |

**KATEGORIE: KABARET**

| |
|---|
| Graad 4 – 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

1. TYD, GETAL DEELNEMERS, TEMA, DEKOR, BYKLANKE EN BELIGTING: Sien aanbevelings van Eenbedryf.
   RIGLYNE: Dié kunsvorm onderskei hom van die Revue deurdat dit gewoonlik in kroeë of bistro's opgevoer word. Die dekadente speel 'n belangrike rol, veral verwysings na verkeerde "sondes" van die gemeenskap. Daar word fel en kwaai mee gespot. Die kabaret is 'n wêreldse kunsvorm wat probeer om te stig, terwyl dit sekulêr vermaak. Sang speel 'n belangrike rol en lewer kommentaar, veral op die politiek van die tyd. Dis 'n moeilike kunsvorm om met kinders te doen. 'n Volwasse gehoor en volwasse akteurs kan beter reg laat geskied aan die kabaret.

**KATEGORIE: POPPEKAS**

| |
|---|
| Graad 4 – 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

1. TYD, GETAL DEELNEMERS, TEMA, DEKOR, BYKLANKE EN BELIGTING: Sien aanbevelings van Eenbedryf.
   RIGLYNE: Die uniekheid van die medium moet uitgebuit word. Hier kan met die "magiese" gespeel word, bv. spoke, lewe onder die see, toordery, sprokies, legendes, mites, volksverhale, avontuur- verhale, fabels en fantasieverhale. 'n Program van 'n aantal gediggies, rympies en/of liedjies kan ook saamgestel word. Die gekose teks moet aanpas by die ouderdom van die speler en die gehoor. Die poppespel is 'n bewegingspel en daarom moet daar 'n groot mate van handeling in die teks opgesluit lê. Dialoog moet die handeling aanvul en nie andersom nie.

**KATEGORIE: MONOLOOG**

| |
|---|
| Graad 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

1. TYD: Maksimum **8 minute**

2. TEMA: Eie keuse
3. KEUSE VAN STUK: Die gekose stuk moet pas by die ouderdom en ervaringsveld van die deelnemer.
4. KOSTUUM: 'n Kostuum mag gebruik word om die karakter uit te beeld.
5. BENADERING: Die aanbieding moet die deelnemer se interpretasie van die teks weerspieël. Oorspronklikheid word aangemoedig, solank die betekenis van die teks nie aangepas word nie.
6. DEKOR, BYKLANKE EN BELIGTING: Rekwisiete en basiese dekor word toegelaat indien nodig, maar beperk dit tot die minimum.
7. RIGLYNE: Die volle speelruimte van gebare, beweging en tonasie moet gebruik word. Hierdie is 'n drama, nie prosa nie, en moet as sulks aangebied word.

**<u>Enkele riglyne in verband met die monoloog:</u>**

- `n Eenpersoonvertoning/gesprek teenoor 'n denkbeeldige karakter of item (potplant, ook telefoon) om sy persoonlike belewenisse/gedagte/denke te verwoord.
- 'n Kort drama waarin net een persoon optree.
- Eenrigtinggesprek met iets of iemand as luisteraar. NIE DIE GEHOOR NIE! Dit speel in 'n spesifieke ruimte af.
- Dis nie noodwendig 'n monoloog as iets in die eerstepersoon geskryf is nie. Miskien is dit maar veilig om die vierde muur in gedagte te hou.
- Die deelnemer moet dus 'n karakter vertolk, nie net met die stem nie, maar ook met die hele liggaam.
- Deelnemers moet bekend wees met die inhoud van die volle teks/drama om begrip vir die konteks van die uittreksel te hê.
- Die bewegings moet soepel, gemotiveerd en afgerond wees. Enige gebare of bewegings moet natuurlik lyk en by die monoloog pas.
- Teaterreëls vir beweging moet in ag geneem word.
- Kostuums, rekwisiete en ameublement is toelaatbaar.
- Die uittreksel moet verkieslik uit 'n drama geneem word. Prosawerke mag gebruik word, maar ALLEENLIK indien dit in 'n alleenspraak/monoloog verwerk is. (Rede: Daar bestaan nie genoeg gepaste dramas nie.) Uittreksels mag ook uit monoloogbundels kom; en selfgeskrewe tekste mag gebruik word. Kondig die teks aan. Titel…..Uit…(drama/e.a. en outeur)
- 'n Kopie moet aan die beoordelaar oorhandig word.
- Monoloë moet gememoriseer en voorgedra word in 'n helder, duidelike stem wat pas by die karakter wat jy vertolk.
- Volle of gedeeltelike kostumering, rekwisiete, agtergrondmusiek, ensovoorts word toegelaat, maar moet ten volle by die monoloog pas.
- Oefen en bemeester die mimiek van 'n "deur" oopmaak. Die "deur" en "venster" moet altyd op dieselfde plek wees. Moenie deur "mure" loop nie.

**<u>KATEGORIE: EENBEDRYF</u>**

| |
|---|
| Graad 4 - 7 |
| Graad 8 - 12 |
| Ope |

1. TYD: Maksimum **8 minute** (tensy vooraf spesiale verlof verkry is).
2. GETAL DEELNEMERS: Onbeperk
3. TEMA: Eie keuse

4. KEUSE VAN STUK: Probeer iets kies op die deelnemers se vlak. Die stuk kan snaaks of opvoedkundig wees, d.w.s. dit moet stig of vermaaklik van aard wees.
5. BENADERING: Die aanbieding moet die regisseur se interpretasie van die dramaturg se bedoeling weerspieël en die regisseur se oorspronklikheid.
6. DEKOR, BYKLANKE EN BELIGTING: Mag gebruik word indien self voorsien. Tref reëlings vir tafels, stoele, ens. Slegs 10 minute toegelaat vir wisseling van dekor. Eie helpers vir die verskuiwings moet voorsien word.

**KATEGORIE: GROEPPROJEK**

| |
|---|
| Graad 1 – 3 |
| Graad 3 – 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

1. TYD: **8 Minute**.
2. GETAL DEELNEMERS: Onbeperk
3. TEMA: Eie keuse
4. STYL: Daar mag gebruik gemaak word van 'n kombinasie van kunsvorms bv. prosa, poësie, leeswerk, mimiek, musiek, dans en sang. Spontane skepping, oorspronklikheid en vermaaklikheidswaarde moet beklemtoon word. Probeer om werk te doen wat relevant is, wat by die ouderdom van die deelnemers en hul ervaringsveld pas. Dit kan selfs opvoedkundig van aard wees, bv. 'n tema soos natuurbewaring.
5. DEKOR: Geen dekor of rosta sal toegelaat word nie. Deelnemers mag gebruik maak van 'n CD-speler en stoele indien dit deur deelnemers self flink hanteer word.
6. KLEREDRAG: Gemaklike, eenvormige, funksionele klere (skoolklere en kostuums uitgesluit) word aanbeveel.

| |
|---|
| Graad 4 – 5 |
| Graad 6 – 7 |
| Graad 8 – 12 |
| Ope |

**KATEGORIE: DIALOOG**

1. ‛n Maksimum van 8 inskrywings word per graad per skool per afdeling toegelaat, bv. 2 seuns en 6 dogters of 3 dogters en 5 seuns vir Huistaal gr. 8 EN 2 seuns en 6 dogters of 3 dogters en 5 seuns vir Addisionele taal gr. 8.
2. SLEGS graad 4 – 12 leerders kan deelneem.
3. Leerders neem in gewone drag deel. Alle dialoë is eie keuse en moet by die ouderdom, persoonlikheid en ervaringsveld van die deelnemer pas. Dit is die verantwoordelikheid van die deelnemer se afrigter om ‛n gepaste dialoog te verskaf. Die Eisteddfod verskaf geen dialoë nie.
4. Uittreksels uit ‛n drama of ‛n prosawerk mag gebruik word.
5. Basiese dekor, rekwisiete en kostuums is toelaatbaar.
6. ‛n Leerder mag vir Huistaal en/of Addisionele Taal inskryf. Indien hy vir twee tale inskryf, moet een ‛n Huistaal wees bv. Afrikaans, en die ander ‛n Addisionele Taal bv. Engels.
7. ‛n Afskrif van die dialoog moet aan die beoordelaar oorhandig word.
8. Kommunikasie en hoe die interaksie is tydens die kommunikasie is uiters belangrik.

**9. Toelaatbare tydraamwerk:**
**Graad 4 – 5: 4 minute**
**Graad 6 – 7: 5 minute**
**Graad 8 – 12 / Ope: 6 – 8 minute**